



RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

1985 -07- 31

DIE INVLOED VAN TELEVISIE OP
ENKELE SPORTAKTIVITEITE VAN
STANDERD AGT-LEERLINGE

G.M. DE VILLIERS, M.A.


VIR KOMMUNIKASIENAVORSING
DIREKTEUR: DR. P.C.J. JORDAAN



0000509737



2844363866



PRETORIA
1979

Navorsingsbevindingnommer. **KOMM-N-20**

ISBN 0 86965 596 5

Kopiereg voorbehou
Prys: R0,75

001.3072068 HSRC KOMM N 20



050973

RGN BIBLIOTEK HSRC
LIBRARY

1979 -11-20

STANDKODE 001.3072068 HSRC KOMMUN N20	REGISTERNOMMER 044237	2
BESTELNOMMER G		

ERKENNING

Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding vervat is, is verkry van projek KOMM 11 wat daargestel is om te bepaal wat die invloed van televisie op die skoolgaande jeug is.

Hierdie data is verkry van skole in al vier provinsies en derhalwe word dank aan die volgende persone en instansies oorgedra:

Die Komitee van Onderwyshoofde wat aanvanklik toestemming gegee het dat die projek geloods mag word;

die hoofde van skole en hulle personeel wat as toetsafnemers opgetree het;

die skoolsielkundiges van die Skoolsielkundige en Spesiale Dienste van die verskillende onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir die opleiding van die toetsafnemers;

die leerlinge wat as respondente opgetree het.

Die volgende persone dien tans in die ad hoc-komitee insake projek KOMM 11:

Dr. J.D. Venter (Voorsitter)	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Prof. T.L. de Koning	Randse Afrikaanse Universiteit
Dr. I.Z. Engelbrecht	Departement van Nasionale Opvoeding
Prof. D. Joubert	Universiteit van Stellenbosch
Mnr. P.W. Mans	Natalse Onderwysdepartement
Prof. N.J. Mentz	Transvaalse Onderwysdepartement
Mnr. B. Olivier	Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop
Mnr. D.J.L. Pretorius	SAUK
Prof. C. Rip*	Universiteit van Suid-Afrika
Mnr. F. Swanepoel	OVS-Onderwysdepartement
Mnr. G. Yssel	SAUK
Dr. D.P. Conradie	Instituut vir Kommunikasienavorsing
Dr. P.C.J. Jordaan	Instituut vir Kommunikasienavorsing
Dr. C.R. Liebenberg	Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
Mev. E.M. Madge	Instituut vir Psigometriese Navorsing
Dr. W.L. Roos	Instituut vir Mannekragnavorsing
Mnr. A.R. van den Berg	Instituut vir Psigometriese Navorsing

*Intussen oorlede

Die statistiese verwerkings vir die ondersoek is gedoen deur die RGN se Instituut vir Statistiese Navorsing, en die redaksionele werk deur die Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste.

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
1. INLEIDING	1
2. DOEL	2
3. METODE VAN ONDERSOEK	2
3.1 Steekproef	2
3.2 Die meetinstrumente	3
3.3 Die eksperimentele ontwerp	3
4. BEVINDINGS	8
4.1 Inleiding	8
4.2 Sportdeelname	8
4.3 Hoeveel uur per week daar aan sportaktiwiteite afgestaan word	12
4.4 Sportbywoning as toeskouer	15
5. SAMEVATTING	18
6. SYNOPSIS	19
LITERATUURLYS	20

TABELLE

	BLADSY
1. NEEM JY GEWOONLIK DEEL AAN DIE VOLGENDE SPORTAKTIWITEITE (SEUNS)	10
2. NEEM JY GEWOONLIK DEEL AAN DIE VOLGENDE SPORTAKTIWITEITE (MEISIES)	11
3. HOEVEEL UUR PER WEEK BESTEE JY GEWOONLIK AAN SPORTAKTIWI- TEITE (DIE WAT JY IN DIE VORIGE VRAAG GEMERK HET)? (MEISIES)	14
4. WOON JY GEWOONLIK DIE VOLGENDE SPORTAKTIWITEITE AS TOESKOUER BY? (SEUNS)	16
5. WOON JY GEWOONLIK DIE VOLGENDE SPORTAKTIWITEITE AS TOESKOUER BY? (MEISIES)	17

1. INLEIDING

Die gegewens wat in hierdie navorsingsbevinding aangebied word, vorm 'n onderdeel van 'n omvattende projek wat deur die Instituut vir Kommunikasie-navorsing onderneem word om die invloed van televisie op die skoolgaande jeug te bepaal. Die omvattende ondersoek spruit uit die aanbevelings van die Kommissie van Onderzoek insake Aangeleenthede betreffende Televisie en van die Tegniese Advieskomitee van die SAUK, naamlik dat navorsing onderneem word oor die sosio-kulturele struktuur van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en die invloed wat televisie daarop kan hê. Die projek strek oor 'n termyn van agt jaar, naamlik van 1974 tot 1981 en word uitgevoer ten opsigte van leerlinge van standerds 3 tot 10. Die st. 3- en st. 6-leerlinge wat in die 1974-steekproef ingesluit was, word jaarliks opgevolg tot hulle st. 10 bereik het. Hiernaas is vir kontroledoelindes steekproewe van leerlinge van st. 3 tot st. 10 in 1974, 1975 en 1977 in die ondersoek betrek. Die gegewens word deur middel van vraelyste en gestandaardiseerde toetse ingewin en 'n verskeidenheid aspekte soos persoonlikheid, verhoudings (persoonlik, sosiaal, huislik en formeel), studiegewoontes en -houdings, sosiale gedrag, waarde-oriëntasies en tydbenutting word bestuur. Weens die omvang van die gegewens wat ten opsigte van elk van hierdie aspekte ingewin is, word daar vir doeleindes van hierdie navorsingsbevinding slegs op sportaktiwiteite (deelname aan en bywoning as toeskouer) gekonsentreer.

Uit buitelandse navorsing blyk dat daar met die instelling van televisie, glad nie (Maletzke, 1959) of slegs in geringe mate 'n afname in die tyd ingetree het wat aan sportbeoefening afgestaan word (Furu, 1962; Himmelweit, Oppenheim en Vince, 1958; en McDonagh, 1950-1951). Daar is ook bevind dat televisie 'n afname in toeskouers se bywoning van sportwedstryde tot gevolg gehad het (Bogart, 1972).

Hierdie bevindings kan egter nie sonder meer op Suid-Afrikaanse toestande van toepassing gemaak word nie. Suid-Afrika verskil nie net kultureel van die buiteland nie, maar sy televisiediens dra ook 'n eiesoortige karakter. Met die instelling van 'n televisiediens gedurende Januarie 1976 in Suid-Afrika, het dit moontlik geword om hierdie aspekte ter plaatse te ondersoek.

2. DOEL

Die doel met hierdie ondersoek is om die moontlike korttermyninvloed* van televisie op die volgende aspekte van standaard agt-dagskoliers se sport te ondersoek:

- a. Sportdeelname;
- b. die tyd wat weekliks aan sportaktiwiteite afgestaan word; en
- c. sportbywoning as toeskouer.

3. METODE VAN ONDERSOEK

3.1 STEEKPROEF

Die gegewens wat hier ter sprake is, is gedurende 1974 en 1976 ingesamel tydens die omvattende ondersoek wat in vier provinsies in die RSA onderneem is. In 1974, dit wil sê voor die instelling van televisie, is 'n steekproef van 4 891 standaard ses-leerlinge getrek wat ten opsigte van die volgende veranderlikes gestratifiseer is: geslag, taal van onderrig, stedelike en nie-stedelike ligging van skole wat deur die leerlinge bygewoon is, asook die provinsie waar die skole geleë is. 'n Groot aantal van hierdie leerlinge is weer in 1976, dus na die instelling van televisie, in 'n opvolgondersoek betrek. Vir doeleindes van hierdie studie is daar uit hierdie breë steekproef 'n seleksie van alle dagskoliers^ggemaak. Dié leerlinge is verder verdeel in 'n groep wat in daardie stadium (1976) reeds televisie gekyk het (die eksperimentele groep) en een wat toe nog nie televisie gekyk het nie (die kontrolegroep). Die eksperimentele en kontrolegroep is verder volgens geslag verdeel. Die rede waarom bogenoemde seleksie en onderverdeling gemaak is, is om die eksperimentele en kontrolegroepe gelyk te stel ten opsigte van veranderlikes wat moontlik 'n rol kan speel by sportbeoefening en bywoning van sportbyeenkomste as toeskouer (Pieterse, 1967, het vasgestel dat die veranderlike geslag verband hou met jeugdige se deelname aan en/of bywoning van sport).

By die eksperimentele groep is slegs dié leerlinge ingesluit wat tuis oor televisiestelle beskik het en wat gedurende die week en/of oor naweke televisie gekyk het.⁺ Respondente wat nie tuis oor 'n televisiestel beskik

*Korttermyninvloed verwys in hierdie navorsingsbevinding na die invloed van televisie gedurende die eerste jaar van uitsending.
^g(leerlinge wie se huistaal en taal van onderrig òf Afrikaans òf Engels is.)
+Alle leerlinge wat minder as drie maande televisie tuis gekyk het, is geëlimineer om die "nuutheidseffek" uit te skakel.

het nie, maar wat wel elders gekyk het (kuierykers), is nie hierby of by die kontrolegroep ingesluit nie. Die kontrolegroep bestaan dus uit respondente wat nie tuis oor 'n televisiestel beskik het nie en ook nie elders televisie gekyk het nie. Die eksperimentele en kontrolegroepe bestaan onderskeidelik uit 525 en 94 seuns en 508 en 144 meisies.

3.2 DIE MEETINSTRUMENTE


Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding gebruik is, is verkry uit die gegewens wat tydens die reeds genoemde omvattende ondersoek met die tydbenutting-, biografiese en televisievraelyste ingewin is. Slegs die vrae wat op sport betrekking het, is benut.

3.3 DIE EKSPERIMENTELE ONTWERP*

Soos blyk uit die voorgaande beskrywing word daar in hierdie ondersoek gebruik gemaak van 'n toets-hertoetsontwerp met een kontrolegroep. Dit word skematies in figuur 1 uitgebeeld.

FIGUUR 1

EKSPERIMENTELE ONTWERP: TOETS-HERTOETS MET KONTROLE



Ten opsigte van die antwoorde op elke vraag is 'n reeks vergelykings getref tussen die groepe wat in figuur 1 aangedui is. Aangesien die antwoorde slegs in frekwensievorm beskikbaar is, is die chi-kwadraat - statistiese toets (χ^2) (vergelyk Siegel, 1965) onder andere vir hierdie vergelykings gebruik. Slegs verskille of assosiasies wat met 'n oorskrydingswaarskyn-

*Prof. D.J. Stoker van die Universiteit van Pretoria is aanvanklik in die beplanningstadium van die projek geraadpleeg en sy wenke in verband met statistiese metodes is in die ontwerp geïnkorporeer.

likheid van 0,05 of kleiner gepaard gaan, is as betekenisvol beskou. Die volgende vergelykings is getref:

a. A₁ met B₁ (deur middel van χ^2)

Indien die antwoorde van A₁ op 'n bepaalde vraag betekenisvol verskil het van dié van B₁, is geen verdere verwerkings gedoen nie, aangesien die twee groepe voor die instelling van televisie nie vergelykbaar was ten opsigte van daardie aspek van sportbeoefening of -bywoning nie.

b. B₁ met B₂ (deur middel van direkte vergelyking van frekwensies)

Aangesien twee jaar tussen die 1974- en 1976-opnames, verloop het, is dit nodig om voorsiening te maak vir veranderinge in die antwoorde van die leerlinge in die eksperimentele groep wat aan ander faktore as die invloed van televisie (byvoorbeeld rypingseffek) toegeskryf kan word. Dit is gedoen deur by die kontrolegroep na te gaan hoe die getal leerlinge wat een van die twee antwoordkategorieë by elke vraag gemerk het, van B₁ tot B₂ verander het. Elke verskil is dan uitgedruk as 'n breuk van die totale getal respondente in die kontrolegroep. 'n Proporsionele aanpassing in die getal leerlinge in die eksperimentele groep wat daardie antwoordmoontlikheid gemerk het, is dan telkens gemaak.

c. A₁ met aangepaste A₂ (deur middel van χ^2)

Nadat bogenoemde aanpassing aangebring is ten opsigte van die getal leerlinge wat by A₂ in figuur 1 elk van die twee antwoordmoontlikhede gemerk het, is 'n vergelyking getref tussen hierdie aangepaste getal en dié by A₁. 'n Betekenisvolle verskil dui op 'n moontlike effek van televisie.

Stappe a tot c word deur middel van die volgende twee voorbeelde in figure 2 en 3 geïllustreer. (Die χ^2 -waardes wat op die 0,001-peil betekenisvol is, word met 'n ***, dié wat op die 0,01-peil betekenisvol is met 'n ** en die waardes wat op die 0,05-peil betekenisvol is met 'n * in die tabelle aangedui.)

FIGUUR 2

EERSTE VOORBEELD OM ONTWERP TE ILLUSTREREN: RESPONSE OP DIE VRAAG: "HOU JY VAN BERGKLIM?"

	Eksperimentele groep:	Kontrolegroep:												
	A ₁	B ₁												
Voor instelling van televisie	<table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td style="width: 80%;">Ja</td><td style="text-align: right;">400</td></tr> <tr><td>Nee</td><td style="text-align: right;"><u>100</u></td></tr> <tr><td>TOTAAL</td><td style="text-align: right;">500</td></tr> </table>	Ja	400	Nee	<u>100</u>	TOTAAL	500	<table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td style="width: 80%;">Ja</td><td style="text-align: right;">435</td></tr> <tr><td>Nee</td><td style="text-align: right;"><u>115</u></td></tr> <tr><td>TOTAAL</td><td style="text-align: right;">550</td></tr> </table>	Ja	435	Nee	<u>115</u>	TOTAAL	550
Ja	400													
Nee	<u>100</u>													
TOTAAL	500													
Ja	435													
Nee	<u>115</u>													
TOTAAL	550													

Instelling van televisie -----

	A ₂	B ₂												
Na instelling van televisie	<table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td style="width: 80%;">Ja</td><td style="text-align: right;">351</td></tr> <tr><td>Nee</td><td style="text-align: right;"><u>149</u></td></tr> <tr><td>TOTAAL</td><td style="text-align: right;">500</td></tr> </table>	Ja	351	Nee	<u>149</u>	TOTAAL	500	<table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td style="width: 80%;">Ja</td><td style="text-align: right;">460</td></tr> <tr><td>Nee</td><td style="text-align: right;"><u>90</u></td></tr> <tr><td>TOTAAL</td><td style="text-align: right;">550</td></tr> </table>	Ja	460	Nee	<u>90</u>	TOTAAL	550
Ja	351													
Nee	<u>149</u>													
TOTAAL	500													
Ja	460													
Nee	<u>90</u>													
TOTAAL	550													

a. A₁ met B₁

$$\chi^2 = 0,083 \quad \text{gv} = 1$$

Verdere vergelykings kan dus in hierdie geval gedoen word.

b. B₁ met B₂ ("ja"-response)

$$B_2 \text{ (ja)} - B_1 \text{ (Ja)} = 460 - 435 = 25$$

$$\begin{array}{l} \text{Laasgenoemde verskil in} \\ \text{verhouding tot totaal:} \end{array} \quad \frac{25}{550}$$

Aanpassing wat by A₂ aangebring moet word

$$\frac{25}{550} \times 500 = 23$$

c. A₁ met aangepaste A₂

'n Chi-kwadraat word ten opsigte van die volgende tabel uitgewerk:

	A ₁	A ₂ (aangepas)
Ja	400	(351 - 23) = 328
Nee	100	(149 + 23) = 172
TOTAAL	500	500

χ^2 -waarde: 25,458*** gv = 1

In hierdie geval het televisie moontlik 'n nadelige uitwerking op die respondente se voorkeur vir bergklim gehad.

FIGUUR 3

TWEEDE VOORBEELD OM ONTWERP TE ILLUSTRER: RESPONSE OP DIE VRAAG:
"HOU JY VAN JAG?"

	Eksperimentele groep:	Kontrolegroep:																
Voor instelling van televisie	<table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <thead> <tr> <th style="width: 50%;"></th> <th style="width: 50%; text-align: center;">A₁</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Ja</td> <td style="text-align: center;">180</td> </tr> <tr> <td>Nee</td> <td style="text-align: center;"><u>338</u></td> </tr> <tr> <td>TOTAAL</td> <td style="text-align: center;">518</td> </tr> </tbody> </table>		A ₁	Ja	180	Nee	<u>338</u>	TOTAAL	518	<table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <thead> <tr> <th style="width: 50%;"></th> <th style="width: 50%; text-align: center;">B₁</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Ja</td> <td style="text-align: center;">33</td> </tr> <tr> <td>Nee</td> <td style="text-align: center;"><u>60</u></td> </tr> <tr> <td>TOTAAL</td> <td style="text-align: center;">93</td> </tr> </tbody> </table>		B ₁	Ja	33	Nee	<u>60</u>	TOTAAL	93
	A ₁																	
Ja	180																	
Nee	<u>338</u>																	
TOTAAL	518																	
	B ₁																	
Ja	33																	
Nee	<u>60</u>																	
TOTAAL	93																	
<u>Instelling van televisie</u>																		
Na instelling van televisie	<table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <thead> <tr> <th style="width: 50%;"></th> <th style="width: 50%; text-align: center;">A₂</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Ja</td> <td style="text-align: center;">150</td> </tr> <tr> <td>Nee</td> <td style="text-align: center;"><u>368</u></td> </tr> <tr> <td>TOTAAL</td> <td style="text-align: center;">518</td> </tr> </tbody> </table>		A ₂	Ja	150	Nee	<u>368</u>	TOTAAL	518	<table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <thead> <tr> <th style="width: 50%;"></th> <th style="width: 50%; text-align: center;">B₂</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Ja</td> <td style="text-align: center;">20</td> </tr> <tr> <td>Nee</td> <td style="text-align: center;"><u>73</u></td> </tr> <tr> <td>TOTAAL</td> <td style="text-align: center;">93</td> </tr> </tbody> </table>		B ₂	Ja	20	Nee	<u>73</u>	TOTAAL	93
	A ₂																	
Ja	150																	
Nee	<u>368</u>																	
TOTAAL	518																	
	B ₂																	
Ja	20																	
Nee	<u>73</u>																	
TOTAAL	93																	

a. A₁ met B₁

$$\chi^2 = 0,0003 \quad \text{gv} = 1$$

Verdere vergelykings kan in hierdie geval gedoen word.

b. B₁ met B₂ ("ja"-response)

$$B_1 \text{ (ja)} - B_2 \text{ (ja)} = 33 - 20 = 13$$

$$\begin{array}{l} \text{Laasgenoemde verskil in} \quad \quad \quad \underline{13} \\ \text{verhouding tot totaal:} \quad \quad \quad \quad \quad 93 \end{array}$$

Aanpassing wat by A₂ aangebring moet word

$$\frac{13}{93} \times 518 = 72$$

c. A₁ met aangepaste A₂

'n Chi-kwadraat word ten opsigte van die volgende tabel uitgewerk:

	A ₁	A ₂ (aangepas)
Ja	180	(150 + 72) = 222
Nee	338	(368 - 72) = 296
TOTAAL	518	518

$$\chi^2\text{-waarde: } 6,833^{**} \quad \text{gv} = 1$$

In hierdie geval het televisie 'n stimulerende effek op die voorkeure ten opsigte van die betrokke aktiwiteit gehad. Hier is dit egter moeiliker om televisie se invloed te interpreteer, want uit die on-aangepaste syfers in figuur 3 blyk dit dat daar 'n afname (naamlik 30) in die eksperimentele groep se "ja"-antwoorde was. Die stimulerende invloed van televisie kan só geïnterpreteer word dat daar in die afwesigheid van televisie 'n nog groter afname in die "ja"-response verwag sou kon word, maar dat hierdie afname deur televisie deels teruggehou of teëgewerk is.

4. BEVINDINGS

4.1 INLEIDING

Soos in paragraaf 3.3 vermeld, kon geen afleidings of berekenings in verband met die invloed van televisie gemaak word in gevalle waar daar reeds voor die instelling van televisie statisties betekenisvolle verskille tussen die response van die eksperimentele en kontrolegroepe voorgekom het nie. Met betrekking tot die volgende vrae het daar verskille van hierdie aard voorgekom:

Neem jy gewoonlik deel aan die volgende sportaktiwiteite?

Tennis	(seuns en meisies)
Swem	(meisies)
Bofbal	(meisies)
Korfbal	(meisies)
Boks	(seuns)

Hoeveel uur per week bestee jy gewoonlik aan sportaktiwiteite?

(Die wat jy in die bogenoemde vraag gemerk het) (seuns)

Woon jy gewoonlik die volgende sportaktiwiteite as toeskouer by?

Spokker	(seuns)
Krieket	(seuns)
Judo of karate	(seuns)
Jukskei	(seuns)
Netbal	(seuns)
Motor- en motorfietswedrenne	(seuns)

Bogenoemde veranderlikes word nie in die tabelle wat hierop volg, weer-gegee nie. By alle ander vrae kon daar wel verdere statistiese verwerkings gedoen word en word die resultate in tabelle 1 tot 5 aangetoon.

4.2 SPORTDEELNAME

In tabelle 1 en 2 word die response van die seuns en meisies op die volgende item ontleed:

"Neem jy gewoonlik deel aan die volgende sportaktiwiteite?"

In tabel 1 is daar aanduidings dat televisie 'n uitwerking gehad het op seuns se deelname aan sommige sportaktiwiteite. Die deelname aan die volgende sportaktiwiteite is geraak: rugby, sokker, atletiek en krieket. Nadat by die eksperimentele groep proporsioneel voorsiening gemaak is vir die normale verskuiwings wat by die kontrolegroep voorgekom het, het minder seuns in die eksperimentele groep in 1976 (aangepas) as in 1974 aangedui dat hulle aan rugby en atletiek deelgeneem het. Dit wil verder voorkom of televisie 'n stimulerende effek gehad het op hulle deelname aan sokker en krieket.

Meisies (kyk tabel 2) se sportbeoefening is in die geval van netbal en hokkie geraak. Minder meisies het aangedui dat hulle netbal speel en meer meisies het opgemerk dat hulle hokkie speel.

TABEL 1

NEEM JY GEWOONLIK DEEL AAN DIE VOLGENDE SPORTAKTIWITEITE? (SEUNS)

Tipe sportaktiwiteit en response	Getal seuns										Chi-kwadraat (χ^2)	
	Kontrolegroep				Eksperimentele groep						Eksperimentele groep 1974 teenoor Kontrolegroep 1974 (gv = 1)	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teenoor Eksperimentele groep 1974 (gv = 1)
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
Rugby:												
Ja	54	57	54	58	354	68	318	61	315	60		
Nee	40	43	39	42	166	32	205	39	208	40	3,572	6,645**
TOTAAL	94	100	93	100	520	100	523	100	523	100		
Sokker:												
Ja	33	35	20	22	180	35	150	29	221	42		
Nee	61	65	73	78	338	65	373	71	302	58	0,003	5,88*
TOTAAL	94	100	93	100	518	100	523	100	523	100		
Atletiek:												
Ja	53	56	57	61	307	59	295	56	269	51		
Nee	41	44	36	39	211	41	230	44	256	49	0,167	6,476*
TOTAAL	94	100	93	100	518	100	525	100	525	100		
Krieket:												
Ja	47	50	22	24	243	47	158	30	296	57		
Nee	47	50	71	76	276	53	364	70	226	43	0,208	9,791**
TOTAAL	94	100	93	100	519	100	522	100	522	100		
Swem:												
Ja	50	55	45	49	322	62	267	51	299	57		
Nee	41	45	47	51	197	38	256	49	224	43	1,354	2,37
TOTAAL	91	100	92	100	519	100	523	100	523	100		
Stoel:												
Ja	12	13	4	4	58	11	33	6	77	15		
Nee	82	87	88	96	460	89	489	94	445	85	0,070	2,601
TOTAAL	94	100	92	100	518	100	522	100	522	100		
Judo of karate:												
Ja	11	12	11	12	105	20	93	18	92	18		
Nee	83	88	82	88	415	80	430	82	431	82	3,211	0,988
TOTAAL	94	100	93	100	520	100	523	100	523	100		
Jukskei:												
Ja	8	9	3	3	21	4	8	2	35	7		
Nee	86	91	89	97	497	96	513	98	486	93	2,583	3,111
TOTAAL	94	100	92	100	518	100	521	100	521	100		
Bofbal:												
Ja	8	9	2	2	61	12	36	7	69	13		
Nee	86	91	91	98	459	88	485	93	452	87	0,536	0,416
TOTAAL	94	100	93	100	520	100	521	100	521	100		
Korfbal:												
Ja	2	2	1	1	26	5	18	3	23	4		
Nee	92	98	92	99	493	95	503	97	498	96	0,927	0,094
TOTAAL	94	100	93	100	519	100	521	100	521	100		
Sagtebal:												
Ja	6	6	0	0	33	6	15	3	48	9		
Nee	88	94	93	100	486	94	506	97	473	91	0,049	2,566
TOTAAL	94	100	93	100	519	100	521	100	521	100		
Hokkie:												
Ja	9	10	7	8	39	7	42	8	53	10		
Nee	85	90	86	92	481	93	481	92	470	90	0,231	1,934
TOTAAL	94	100	93	100	520	100	523	100	523	100		
Gimnastiek:												
Ja	28	30	15	16	121	23	53	10	124	24		
Nee	66	70	78	84	396	77	466	90	395	76	1,428	0,013
TOTAAL	94	100	93	100	517	100	519	100	519	100		
Skaak:												
Dikwels/Af en toe	54	57	52	56	350	67	326	62	334	64		
Nooit	40	43	41	44	169	33	199	38	191	36	3,105	1,52
TOTAAL	94	100	93	100	519	100	525	100	525	100		

TABEL 2

NEEM JY GEWOONLIK DEEL AAN DIE VOLGENDE SPORTAKTIWITEITE? (MEISIES)

Tipe sportaktiwiteit en response	Getal meisies										Chi-kwadraat (χ^2)	
	Kontrolegroep				Eksperimentele groep						Eksperimentele groep 1974 teenoor Kontrole- groep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teen- oor Eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Sokker:												
Ja	5	4	1	1	30	6	15	3	29	6		
Nee	137	96	140	99	472	94	492	97	478	94	0,864	0,002
TOTAAL	142	100	141	100	502	100	507	100	507	100		
Atletiek:												
Ja	72	51	71	50	216	43	200	39	205	40		
Nee	70	49	72	50	285	57	308	61	303	60	2,28	0,681
TOTAAL	142	100	143	100	501	100	508	100	508	100		
Krieket:												
Ja	2	1	2	1	13	3	6	1	6	1		
Nee	140	99	140	99	488	97	501	99	501	99	0,262	2,005
TOTAAL	142	100	142	100	501	100	507	100	507	100		
Judo of karate:												
Ja	7	5	6	4	29	6	21	4	25	5		
Nee	135	95	136	96	471	94	486	96	482	95	0,037	0,223
TOTAAL	142	100	142	100	500	100	507	100	507	100		
Jukskei:												
Ja	8	6	2	1	18	4	6	1	27	5		
Nee	134	94	140	99	482	96	500	99	479	95	0,712	1,391
TOTAAL	142	100	142	100	500	100	506	100	506	100		
Sagtebal:												
Ja	13	9	5	4	37	7	27	5	56	11		
Nee	129	91	137	96	462	93	480	95	451	89	0,255	3,53
TOTAAL	142	100	142	100	499	100	507	100	507	100		
Netbal:												
Ja	65	46	55	39	253	51	173	34	208	41		
Nee	77	54	87	61	247	49	331	66	296	59	0,846	8,266**
TOTAAL	142	100	142	100	500	100	504	100	504	100		
Hokkie:												
Ja	40	28	32	23	172	34	178	35	207	41		
Nee	101	72	109	77	328	66	328	65	299	59	1,545	4,265*
TOTAAL	141	100	141	100	500	100	506	100	506	100		
Gimnastiek:												
Ja	53	38	32	22	153	31	96	19	172	34		
Nee	88	62	111	78	344	69	406	81	330	66	2,025	1,223
TOTAAL	141	100	143	100	497	100	502	100	502	100		
Skaak:												
Dikwels/Af en toe	48	35	32	22	179	36	149	29	212	42		
Nooit	91	65	112	78	322	64	359	71	296	58	0,026	3,582
TOTAAL	139	100	144	100	501	100	508	100	508	100		

4.3 HOEVEEL UUR PER WEEK DAAR AAN SPORTAKTIWITEITE AFGESTAAN WORD

Soos in die inleiding vermeld, kon daar ten opsigte van bogenoemde aspek, nie oor die seuns gerapporteer word nie, en word derhalwe slegs gegewens oor meisies aangebied en bespreek.

In tabel 3 word die tyd verstrek wat meisies gewoonlik gedurende die week aan sport afstaan. Ten einde 'n duideliker beeld oor die invloed van televisie hierop te verkry, word die antwoordkategorieë vir berekeningsdoelendes op ses verskillende wyses saamgegroepeer. Statisties betekenisvolle verskille is in die geval van drie van die groeperings verkry. Hierdie groeperings was: minder as 4 uur/4 uur en meer; minder as 5 uur/5 uur en meer en minder as 6 uur/6 uur en meer. Hierdie verskuiwings dui daarop dat meisies na die instelling van televisie meer tyd aan sportbeoefening bestee het.

Furu (1962), het bevind dat televisie slegs in geringe mate die tyd wat afgestaan word aan spel, sport en ander groepsaktiwiteite in portuurverband beïnvloed. Uit die dagboeke wat die leerlinge op Vrydae en Sondag gehou het, het Furu afgelei dat die ouer groep leerlinge (standerd vyf-groep) na die instelling van televisie $2\frac{1}{2}$ minute minder tyd aan die genoemde aktiwiteite afgestaan het.

Maletzke (1959), soos aangehaal deur Jordaan (1974), het bevind dat sportbeoefening nie deur televisie geraak word nie.

McDonagh (1950-1951) rapporteer dat beide sy televisie- en nie-televisiegroepe minder aan sportaktiwiteite deelgeneem het. Meer persone in sy televisiebesittersgroep (39%) as in sy nie-besittersgroep (22%) het egter aangedui dat hulle minder aan sportaktiwiteite deelneem.

Himmelweit, Oppenheim en Vince (1958) het vasgestel dat deelname aan ongeorganiseerde opelugaktiwiteite, soos stap en buite saam met vriende te verkeer, meer deur televisie beïnvloed word, as sportdeelname en sportbywoning as toeskouers. Laasgenoemde navorsers konstateer verder in dié verband die volgende ten opsigte van die jonger (10-11-jarige) en ouer (13-14-jarige) leerlinge: "Participation in competitive sports held its own with younger children, and even with the adolescents the loss was barely

significant" (p. 346). Hierdie navorsers beweer verder dat televisie sportbeoefening nie in dieselfde mate as die deelname aan minder gestruktureerde vorms van opelugaktiwiteite beïnvloed nie, omdat dit aantrekliker is vir kinders en ook omdat televisie belangstelling in sport kan aanwakker. Daar is ook bevind dat die kykersgroep meer kennis van sport gedra het as die kontrolegroep.

TABEL 3

HOEVEEL UUR PER WEEK BESTEE JY GEWOONLIK AAN HIERDIE SPORTAKTIWITEITE (DIE WAT JY IN DIE VORIGE VRAAG GEMERK HET)?

Tyd aan sportaktiwiteit bestee en reponse	Getal meisies										Chi-kwadraat (χ^2)	
	Kontrolegroep				Eksperimentele groep						Eksperimentele groep 1974 teenoor Kontrolegroep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teenoor Eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Minder as 2 uur	38	27	46	32	97	19	102	20	76	15	3,219	3,136
2 uur en meer	104	73	98	68	404	81	406	80	432	85		
TOTAAL	142	100	144	100	501	100	508	100	508	100		
Minder as 3 uur	75	53	77	53	218	44	211	42	208	41	3,495	0,581
3 uur en meer	67	47	67	47	283	56	297	58	300	59		
TOTAAL	142	100	144	100	501	100	508	100	508	100		
Minder as 4 uur	97	68	109	76	309	62	293	58	255	50	1,816	13,022***
4 uur en meer	45	32	35	24	192	38	215	42	253	50		
TOTAAL	142	100	144	100	501	100	508	100	508	100		
Minder as 5 uur	113	80	125	87	374	75	358	70	321	63	1,206	14,929***
5 uur en meer	29	20	19	13	127	25	150	30	187	37		
TOTAAL	142	100	144	100	501	100	508	100	508	100		
Minder as 6 uur	123	87	134	93	414	83	420	83	387	76	1,003	6,031*
6 uur en meer	19	13	10	7	87	17	88	17	121	24		
TOTAAL	142	100	144	100	501	100	508	100	508	100		
Minder as 7 uur	131	92	136	94	445	89	451	89	440	87	1,052	0,945
7 uur en meer	11	8	8	6	56	11	57	11	68	13		
TOTAAL	142	100	144	100	501	100	508	100	508	100		

4.4 SPORTBYWONING AS TOESKOUER

Uit die gegewens in tabelle 4 en 5 kan afleidings gemaak word oor die moontlike invloed van televisie op seuns en meisies se bywoning van sekere sportsoorte as toeskouers. Meer seuns in die eksperimentele groep in 1976 (aangepas) as in 1974 het aangedui dat hulle na boks gaan kyk het, terwyl minder aangedui het dat hulle na hokkie gaan kyk het. Wat meisies se deelname as toeskouers aan jukseki, sokker, tennis, boks, perde-wedrenne en gimnastiek aangaan, blyk dit dat televisie 'n stimulerende effek op hierdie bywoningsyfers gehad het. Verder blyk ook dat minder meisies na die instelling as voor die instelling van televisie aangedui het dat hulle netbal gaan kyk het.

Sheatsky en Borsky, soos aangehaal deur Bogart (1972), het bevind dat televisie oor die algemeen 'n afname veroorsaak het in die bywoning van sport-aktiwiteite. Hierdie afname kom egter veral voor ten opsigte van Amerikaanse rugby.

Ten opsigte van toeskouers se sportbywoning wys Bogart (1972) ten slotte daarop dat: "... the evidence suggests that unrestricted televising of sports events can cause attendance to drop but at the same time heighten popular interest in sports themselves" (p. 183).

TABEL 4

WOON JY GEWOONLIK DIE VOLGENDE SPORTAKTIWITEITE AS TOESKOUER BY? (SEUNS)

Tipe sportaktiwiteit en response	Getal seuns										Chi-kwadraat (χ^2)	
	Kontrolegroep				Eksperimentele groep						Eksperimentele groep 1974 teenoor Kontrole- groep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teen- oor Eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Rugby:												
Ja	78	83	80	86	445	85	445	85	429	82		
Nee	16	17	13	14	78	15	78	15	94	18		
TOTAAL	94	100	93	100	523	100	523	100	523	100	0,135	1,566
Atletiek:												
Ja	74	80	71	76	377	72	373	71	390	75		
Nee	19	20	22	24	145	28	149	29	132	25	1,82	0,708
TOTAAL	93	100	93	100	522	100	522	100	522	100		
Tennis:												
Ja	28	30	27	29	194	37	167	32	171	33		
Nee	66	70	66	71	329	63	354	68	350	67	1,543	1,911
TOTAAL	94	100	93	100	523	100	521	100	521	100		
Krieket:												
Ja	51	55	35	38	290	56	214	41	304	58		
Nee	42	45	58	62	232	44	309	59	219	42	0,0002	0,603
TOTAAL	93	100	93	100	522	100	523	100	523	100		
Swem:												
Ja	50	54	40	43	241	46	192	37	246	47		
Nee	43	46	52	57	282	54	330	63	276	53	1,575	0,077
TOTAAL	93	100	92	100	523	100	522	100	522	100		
Stoel:												
Ja	28	30	20	22	172	33	138	26	182	35		
Nee	65	70	72	78	349	67	383	74	339	65	0,186	0,347
TOTAAL	93	100	92	100	521	100	521	100	521	100		
Boks:												
Ja	37	39	31	33	186	36	193	37	224	43		
Nee	57	61	62	67	337	64	328	63	297	57	0,347	5,734*
TOTAAL	94	100	93	100	523	100	521	100	521	100		
Bofbal:												
Ja	12	13	3	3	81	15	45	9	94	18		
Nee	82	87	90	97	442	85	473	91	424	82	0,273	1,133
TOTAAL	94	100	93	100	523	100	518	100	518	100		
Korfbal:												
Ja	8	9	2	2	60	11	41	8	74	14		
Nee	86	91	91	98	463	89	479	92	446	86	0,443	1,534
TOTAAL	94	100	93	100	523	100	520	100	520	100		
Sagtebal:												
Ja	10	11	3	3	52	10	30	6	69	13		
Nee	84	89	90	97	469	90	490	94	451	87	0,0001	2,429
TOTAAL	94	100	93	100	521	100	520	100	520	100		
Hokkie:												
Ja	30	32	26	28	178	34	125	24	147	28		
Nee	63	68	67	72	342	66	393	76	371	72	0,063	3,865*
TOTAAL	93	100	93	100	520	100	518	100	518	100		
Gimnastiek:												
Ja	40	43	31	33	203	39	181	35	229	44		
Nee	54	57	62	67	318	61	340	65	292	56	0,292	2,471
TOTAAL	94	100	93	100	521	100	521	100	521	100		
Perdewedrenne:												
Baie/Af en toe	41	44	27	29	206	40	131	25	207	40		
Nooit	53	56	66	71	312	60	393	75	317	60	0,343	0,0006
TOTAAL	94	100	93	100	518	100	524	100	524	100		

TABEL 5

WOON JY GEWOONLIK DIE VOLGENDE SPORTAKTIWITEITE AS TOESKOUER BY? (MEISIES)

Tipe sportaktiwiteit en response	Getal meisies										Chi-kwadraat (χ^2)	
	Kontrolegroep				Eksperimentele groep						Eksperimentele groep 1974 teenoor Kontrolegroep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teenoor Eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Rugby:												
Ja	92	65	107	74	365	72	407	80	359	71		
Nee	50	35	37	26	139	28	101	20	149	29	2,760	0,300
TOTAAL	142	100	144	100	504	100	508	100	508	100		
Sokker:												
Ja	28	20	14	10	133	26	137	27	188	37		
Nee	114	80	130	90	369	74	370	73	319	63	2,361	12,55***
TOTAAL	142	100	144	100	502	100	507	100	507	100		
Atletiek:												
Ja	117	82	121	84	397	79	396	78	388	77		
Nee	25	18	23	16	106	21	111	22	119	23	0,623	0,706
TOTAAL	142	100	144	100	503	100	507	100	507	100		
Tennis:												
Ja	67	47	40	28	214	43	172	34	270	53		
Nee	75	53	104	72	289	57	334	66	236	47	0,79	11,392***
TOTAAL	142	100	144	100	503	100	506	100	506	100		
Krieket:												
Ja	27	19	18	13	109	22	79	16	112	22		
Nee	115	81	126	87	393	78	428	84	395	78	0,336	0,005
TOTAAL	142	100	144	100	502	100	507	100	507	100		
Swem:												
Ja	95	67	74	51	317	63	247	49	325	64		
Nee	47	33	70	49	186	37	259	51	181	36	0,564	0,111
TOTAAL	142	100	144	100	503	100	506	100	506	100		
Stoel:												
Ja	18	13	13	9	60	12	56	11	74	15		
Nee	124	87	131	91	442	88	450	89	432	85	0,008	1,338
TOTAAL	142	100	144	100	502	100	506	100	506	100		
Boks:												
Ja	27	19	23	16	78	16	97	19	112	22		
Nee	115	81	121	84	424	84	410	81	395	78	0,742	6,664**
TOTAAL	142	100	144	100	502	100	507	100	507	100		
Judo of karate:												
Ja	26	18	25	17	111	22	98	19	103	20		
Nee	116	82	119	83	391	78	408	81	403	80	0,742	0,366
TOTAAL	142	100	144	100	502	100	506	100	506	100		
Jukskei:												
Ja	14	10	5	3	27	5	15	3	47	10		
Nee	128	90	139	97	475	95	491	97	459	90	3,014	5,104*
TOTAAL	142	100	144	100	502	100	506	100	506	100		
Bofbal:												
Ja	8	6	2	1	59	12	32	6	53	10		
Nee	134	94	142	99	442	88	474	94	453	90	3,839	0,310
TOTAAL	142	100	144	100	501	100	506	100	506	100		
Korfbal:												
Ja	29	20	15	10	138	27	94	19	145	29		
Nee	113	80	129	90	365	73	412	81	361	71	2,485	0,131
TOTAAL	142	100	144	100	503	100	506	100	506	100		
Sagtebal:												
Ja	22	15	9	6	58	12	32	6	79	16		
Nee	120	85	135	94	444	88	474	94	427	84	1,237	3,198
TOTAAL	142	100	144	100	502	100	506	100	506	100		
Netbal:												
Ja	102	72	84	58	352	70	234	46	302	60		
Nee	40	28	60	42	150	30	273	54	205	40	0,085	11,861***
TOTAAL	142	100	144	100	502	100	507	100	507	100		
Hokkie:												
Ja	70	50	59	41	296	59	256	50	299	59		
Nee	71	50	84	59	206	41	252	50	209	41	3,528	0,001
TOTAAL	141	100	143	100	502	100	508	100	508	100		
Gimnastiek:												
Ja	79	56	65	45	250	50	254	50	307	60		
Nee	63	44	79	55	251	50	254	50	201	40	1,235	10,894***
TOTAAL	142	100	144	100	501	100	508	100	508	100		
Perdewedrenne:												
Baie/Af en toe	58	41	36	25	176	35	133	26	215	42		
Nooit	83	59	108	75	325	65	375	74	293	58	1,464	5,20*
TOTAAL	141	100	144	100	501	100	508	100	508	100		
Motor- en motorfiets-wedrenne:												
Baie/Af en toe	46	33	50	35	200	40	210	41	199	39		
Nooit	95	67	94	65	299	60	298	59	309	61	2,277	0,053
TOTAAL	141	100	144	100	499	100	508	100	508	100		

5. SAMEVATTING

Die doel met hierdie ondersoek was om die moontlike korttermyninvloed van televisie op sportaktiwiteite (deelname aan én bywoning as toeskouer) van standaard agt-leerlinge te bepaal. Die totale steekproef (N = 1 271) is in 'n eksperimentele (televisiekykers) en kontrolegroep (nie-televisiekykers) verdeel. Kuisers, dit wil sê persone wat nie tuis oor 'n televisiestel beskik het nie, maar wel elders gekyk het, is nie by die ondersoek betrek nie. Televisie het waarskynlik 'n invloed op die volgende aspekte van die leerlinge se sportaktiwiteite gehad:

- Die seuns se deelname aan sport: Televisie het waarskynlik tot gevolg gehad dat minder seuns aan rugby en atletiek deelgeneem het, terwyl dit 'n stimulerende effek op hulle deelname aan sokker en krieket gehad het.
- Die meisies se deelname aan sport: Televisie het vermoedelik tot gevolg gehad dat meer meisies hokkie en minder meisies netbal speel.
- Die aantal ure wat meisies gedurende die week aan die beoefening van sportaktiwiteite afstaan: Die invloed van televisie is by hierdie veranderlike met behulp van ses verskillende vergelykings ondersoek. By drie hiervan is aanduidings gekry dat 'n toename in die tyd wat die meisies gedurende die week aan sportaktiwiteite afstaan, voorgekom het.
- Die seuns se deelname aan sportaktiwiteite as toeskouers: Meer seuns het na die instelling van televisie as voor die instelling daarvan na boks gaan kyk, terwyl minder na hokkie gaan kyk het.
- Die meisies se deelname aan sportaktiwiteite as toeskouers: Hier wil dit voorkom of televisie 'n stimulerende effek gehad het op die bywoningsyfers ten opsigte van sokker, tennis, boks, jukskei en gimnastiek, terwyl netbal in mindere mate aandag gekry het.

5. SYNOPSIS

The aim of this investigation was to determine the possible short-term effect of television on the sporting activities (participation in and attendance as spectators) of Standard 8 pupils. The total sample (N = 1 271) was divided into an experimental group (television viewers) and a control group (non-viewers). Persons who did not have a set at home, but who watched television elsewhere, were not involved in the investigation. Television probably had an effect on the following aspects of the pupils' sporting activities:

The boys' participation in sport: Television probably resulted in fewer boys taking part in rugby and athletics, while it had a stimulating effect on their participation in soccer and cricket.

The participation of girls in sport: Television presumably resulted in more girls playing hockey and fewer girls playing netball.

The number of hours that girls devote to the pursuit of sporting activities during the week: The effect of television on this variable was examined with the aid of six different comparisons. In three of these, indications were found of an increase in the length of time that girls devote to sporting activities during the week.

The participation of boys in sporting activities as spectators: After the introduction of television more boys watched boxing and fewer watched hockey than before the introduction of television.

The participation of girls in sporting activities as spectators: In this case it appears that television had a stimulating effect on the attendance figures regarding soccer, tennis, boxing, jukskei and gymnastics, whereas less time was spent on watching netball.

LITERATUURLYS

1. BOGART, L. Age of Television: a study of viewing habits and the impact of television on American life. New York, Frederick Ungar Publishing Company, 1972.
2. FURU, T. Television and children's life: a before-after study. Tokio, Japan Broadcasting Corporation, Radio and Television's Research Institute, 1962.
3. HIMMELWEIT, H.T., OPPENHEIM, A.N. and VINCE, P. Television and the child: an empirical study of the effect of television on the young. London, Oxford University Press, 1958.
4. JORDAAN, P.C.J. Die invloed van televisie op die skoolgaande jeug. Onderwysblad, November 1974, pp 34-38.
5. MALETZKE, G. Fernsehen im Leben der Jugend. Hamburg, Hans Bredow Institute, 1959.
6. McDONAGH, E.C. Television and the family. Sociology and Social Review, Vol. 35, 1950-1951, pp 113-122.
7. PIETERSE, J.E. red. Jeug en vrye tyd. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1967.
8. SIEGEL, S. Nonparametric statistics for the behavioral sciences. New York, McGraw-Hill, 1965.

Doc. no. 50969

Copy no. 50973

RGN BIBLIOTEEK	HSRC LIBRARY
-------------------	-----------------